LAERSKOOL TUINE

Uniek… Altyd vorentoe!

Trots, waardig, doelgerig – Oë op Christus gerig!

OUEROMSENDBRIEF NR. 16 van 2019

Geagte Ouers, leerders en vriende van Laerskool Tuine

1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

Die registrasies vir **Gr.1 2020** vind op **13 MEI 2019** plaas om **12:00** middernag. Die webtuiste waar u kan registreer is: www.admisions2020. **Ouers moet asseblief die eerste opsie kies wanneer hulle aanlyn aansoek doen. Dit is die opsie van woonadres. U word dan outomaties op waglys A geplaas.**

Baie dankie aan al die ouers wat elke maand getrou die skoolfonds betaal. Ons waardeer dit opreg.

Die herregistrasiesvorms **GR. 1** tot **GR. 6** vir **2020** was aan die leerders uitgedeel. U moet dit kontroleer, invul en teken. Dis 'n **DEPARTEMENTELE** vereiste. Alle vorms moes al op **3 Mei 2019** by die skool gewees het. Ons benodig die vorms asseblief dringend!

Maak seker dat u by hierdie datum hou anders mag u kind sy/haar plek in die skool verbeur.

Ons as gemeenskap moet opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding en minsaamheid najaag. Ons moet die goeie stryd van geloof stry.

Ons mag nie vatplek aan satan gee nie en dit moet ten alle koste bestry word. Ons as medegelowiges moet gryp na die ewige lewe. Ja, omdat ons eerste deur Jesus gegryp is, mag ons na die ewige lewe gryp, dit ons eie maak en met daardie seker hoop ook lewe. En dit maak ons juis heeltemal anders as 'n ongelowige!

Ons lewe in spanningsvolle tye as gevolg van verdrukking en verleiding van die wêreld wat op soveel maniere tot ons kom. Soms voel dit vir ons as ouers dat alles net te veel word. Maar as ons oë en gedagtes gerig is op die woord van God en dit wat ons van Sy verlossing bely, gee Hy ons krag om alles te dra en sal ons nie onder die druk van die wêreld beswyk nie, want Hy het die swaarste lyding vir ons reeds gedra.

Geseënde week vir u almal.

2. SAGTEBALPROEWE:

Sagtebalproewe vind hierdie **Vrydag 10 Mei 2019** om **14:00** plaas vir die **0/12** en **0/13** dogters. Gee asseblief op die laatste **Donderdag 9 Mei** jou naam op by Juffrou Antonet.

3. HOKKIEPROEWE:

Hokkieproewe vind plaas **13 tot 15 Mei 2019** vir die **0/12** en **0/13** dogters.
13 Mei – 15:30 tot 16:30
14 Mei – 15:30 tot 16:30
15 Mei – 14:00 tot 15:00

Gustav Adolfstraat, Pretoria-Tuine, 0082
Posbus 48007, Hercules, 0030 Tel (012) 379-4406 Faks (012) 379-1949 032-011-NPO
Epos: jacosn@telkomsa.net / suzettelaerskooltuine@gmail.com

4. RUGBY

Baie geluk aan die seuns wat reeds gekies is vir die Bloubulproewe. Baie sterkte vir elke speler.

5. KOMBERSIES:

Met die winter om die draai herinner ons u aan die groen Tuinekombersies wat beskikbaar is teen **R130**. Plaas u bestellings vroegtydig by juffrou Wilma Steynberg.

6. UITNODIGING VIR EKSTRA KLASSE:

Die uitnodigings vir leerders om ekstra klasse by te woon, is reeds uitgestuur. Dankie vir skeurstrokies wat reeds terug is. Alhoewel spesifieke leerders uitgenooi is, is die ondersteuningsklasse oop vir enige leerder om dit by te woon. Let asseblief daarna op dat die Maandag-rooster in graad- en vakverband roteer. Daar is 'n moontlikheid dat klasse dalk gekanselleer kan word as die Departement kennis gee van 'n vergadering waar van die LOK-personeel betrokke kan wees. Die skool sal in so geval probeer om vroegtydig die leerders in kennis te stel.

KLASSE WAT AANGEBIED WORD:
Afrikaans (Juf. Annatjie de Jonge) kamer 2
Engels (Juf. Annalie Potgieter) kamer 2
Wiskunde (klasonderwyser/es) onderskeie klaskamers

Ekstra klas: Rooster vir kwartaal 2 2019

Maandae: Afrikaans / Engels			Woensdae: Wiskunde
13 Mei	Gr. 4, 5 Afrikaans	Gr. 6, 7 Engels	**15 Mei**
20 Mei	Gr. 4, 5 Engels	Gr. 6, 7 Afrikaans	**22 Mei**

Klasse begin om **13:45** en sluit af om **14:30**. Met hierdie klasse word basiese vaardighede ingeskerp by leerders wat probleme ondervind. Register word gehou.

7.

NUWE TRADISIE – JAARBOEK

'N JAARBOEK IS BESKIKBAAR TEEN **R200**. Dit gaan uit **100** tot **116** blaaie, propvol herinneringe bestaan.
U kan eenmalig betaal of afbetaal by u kind se voogonderwyser/es **TOT EN MET 6 JULIE.** Groot asseblief geen elektroniese betalings.
Bestelvorms is beskikbaar in die **KANTOOR**, op en op ons **WEBTUISTE.**

Die leerders sal dit Woensdag 4 Desember saam met die laaste rapport van 2019 ontvang.

Kontak asseblief vir Annelize Smit op 082 489 0629 indien u sou belangstel in een van die volgende opsies:

1. **Borg 'n bladsy teen R500.00 ≈** Die ouer sowel as die leerder/s se name sal dan onder op 'n bladsy verskyn.
2. **Advertensie ≈** Die kostes vir bogenoemde gaan direk in die skool se bank rekening inbetaal word.

8. FINANSIES:

GEEN KONTANT GELDE sal ongelukkig na **10:30** in ontvangs geneem kan word by die finansies kantoor nie. Kleingeld is vir ons 'n probleem, sorg dus dat u asseblief die korrekte kleingeld saam bring. Kaarttransaksies kan wel plaasvind. U samewerking sal opreg waardeer word.

ONBEKENDE DEPOSITO'S:

Ons benodig asseblief dringend die bewys van betaling vir die volgende betalings:

26/04/2019 – Skoolgeld 3437 = R 1'000
25/04/2019 – 9070 5337 752 948 = R 4'000
07/05/2019 – 9070 5337 752 948 = R20'000

OUERS GEBRUIK U FAMILIEKODE AS VERWYSING ASSEBLIEF.

9. HENGELKOMPETISIE:

Laerskool Tuine Hengelkompetisie

KOM KUIER SAAM!!

Groot pryse te wen - **R8'000** vir wenner!!

Datum : 12-14 Julie 2019
Plek : Dennekruin Hengeloord
Koste : **R500** per pen – **4 stokke per pen**. (Betaal by die finansieskantoor)

Vir enige navrae: Kontak **Pieter Potgieter** by die skool.

10. LAATKOMMERS:

As u kind laat is op Maandae dan moet hulle in die voorportaal van die saal gaan sit. Ons as bestuur doen 'n beroep op u om te sorg dat u, u kind betyds by die skool sal aflaai. Elke leerder wat laat kom se ouers moet by die voorportaal aanteken dat hy/sy laat is. Die skoolbestuur moet dit dan opvolg. Dit word deur die Departement vereis dat daar 'n gesprek gevoer word met die ouers. Dit neem baie tyd in beslag.

11. NETBAL:

Dankie aan elke dogter wat netbal speel en dit geniet.

Oefentye: (Behalwe as daar 'n eksterne reëling deur die afrigters getref is)

0/7 – 0/9

Ma: 14:00 - 15:00
Di: 14:00 - 15:00
Do: 14:00 - 15:00

0/10 – 0/13

Ma: 14:00 - 15:30 C/D
Di: 14:00 - 15:30 A/B
Wo: 14:00 - 15:30 A/B
Do: 14:00 - 15:30 C/D

LIGA DATUMS IS AS VOLG:

09/5 - Theresapark - Weg
16/5 - Danie Malan – Weg
21/5 - Voortrekker Eeufees – Weg
23/5 - Rachel de Beer – Weg
28/5 – Uitspele

MINI-NETBALDAE:

18 Mei – Laerskool Generaal Beyers 0/6 - 0/9
25 Mei – Laerskool Pierneef 0/6 - 0/9

12. KLEREBANK:

Daar is ongelooflik baie klere wat rondlê in die skool. Die klere word na 'n ruk gewas en in die klerebank gestoor. Indien daar behoeftige ouers is wat klere benodig moet u nie huiwer om met Me Suné Dreyer in verbinding te tree nie. Kontak haar gerus gedurende skoolure. Ons vra slegs 'n donasie om te kan betaal vir die was van die klere. Die donasie kan anoniem plaasvind deur slegs 'n koevert te neem by die Finansiële kantoor en dit dan in die bruin posbus te gooi. Skryf asseblief net "Donasie Klerebank" op die koevert.

13. BULLETJIERUGBY:

Dinsdae en Donderdae - Oefening vanaf 18:00.

14. LANDLOOP:

Die volgende ligas word gedurende die skole landloop in die derde kwartaal gehou. Leerders moet by Juffrou René kom registreer. Geen koste is verbonde aan registrasie nie.

Liga 1 - 12 Julie = Eduplec
Liga 2 - 19 Julie = Boerefort
Liga 3 - 26 Julie = Vissershoek
Liga 4 - 2 Augustus = Queenswood

OEFENTYE

Maandae – 14:15 TOT 15:00
Dinsdae – 14:15 TOT 15:00
Woensdae – 14:15 TOT 15:00
Kontak Juffrou **Renè du Plessis** vir enige navrae: **082 489 0629**

KLUBLANDLOOP BEGIN SATERDAG 13 APRIL 2019.
LIGA 4: TUT – 11 Mei 2019
LIGA 5: Bronkhorstspruit – 18 Mei 2019

15. SKAAK:

Oefentye sal plaasvind op die volgende dae:

Dinsdae:	0/7 - 0/8 - 0/9	Leerders oefen van 14:00-15:00
Woensdae:	0/10 - 0/11 - 0/12 - 0/13	Leerders oefen van 14:00-15:00
Donderdae:	0/9 - 0/10 - 0/11 - 0/12 - 0/13	Leerders oefen van 14:00-15:00

UITSPELE VAN SKAAKINTERHUIS:

Skaak Liga:

Plek: L/S Rachel de Beer
Datums: 15 Mei 2019
22 Mei 2019
29 Mei 2019
Uitspele: 5 Junie 2019
Tye: 14:00 - +/- 17:00

NB. 'n Leerder mag in 'n ouer ouderdomsgroep deelneem maar 'n ouer leerder mag nie in 'n jonger ouderdomsgroep deelneem nie. Indien u kind wel in die skaakspan is, sal alle inligting deur middel van briewe aan u deurgegee word.
Spanne bestaan uit 6 leerders en 2 reserwes.

16. ANGELPROJEK:

Ons projek is volstoom aan die gang. Enige donasies kan in die skoolrekening inbetaal word. Verwys net duidelik dat dit vir die Angelprojek is. Die fondse word aangewend vir ons behoeftige leerders waar nodig - van 'n haarsny tot 'n bydrae vir toergelde en ook die aankoop van skoolklere.

17. INTERNE REDENAARS:

Interne redenaars vind die **15 Mei 2019** plaas. Hou solank die datum oop. Leerders wat wil deelneem se name moet voor of op **Vrydag 10 Mei 2019** by Juffrou Wilma Steynberg wees.

18. KUNSWEDSTRYD - WERKSWINKEL:

Daar is 'n werkswinkel **Saterdag 1 Junie 2019** van **08:00 tot 10:00** teen **R50** per leerder by **Laerskool Tuine**. Hierdie werkswinkel leer die leerders hoe om enige gedig voor te berei vir puik voordrag en uitslae. Die leerders moet asseblief hulle gedigte saambring. Ouers is welkom om die kursus gratis by te woon.

19. SPREEKKOOR/EKSPERIMENTELE DRAMAGROEP OEFENING:

Gr. 1 tot 2 - Elke Maandag vanaf **13:00 – 13:45**
Gr. 3 & 4 - Elke Maandag vanaf **13:45 – 14:30**
Gr. 5 tot 7 - Elke Vrydag oggend om **07:00 – 07:45**. Slegs **Gr.5 tot 7** oefen in Juffrou Wilma se klas ons vra dat leerders om **6:50** reeds by die skool sal wees.

20. KOPLUISE EN NETE:

Dit blyk dat daar verskeie leerders se koppe besmet is met luise/nete. Aangesie dit 'n plaag is, versoek ons u om asseblief te help om dit uit te roei of te beheer.
Sonder u hulp is ons hande afgekap. Help ons om hierdie probleem hok te slaan. Gaan gereeld u kinders se koppe deur. U kan die skool kontak vir kopluisresepte wat u op eie risiko kan gebruik.
Goeie middels is by apteke beskikbaar. Ons maak staat op u samewerking.

21. NASKOOL:

Ouers, sal u asseblief u kind voorsien van skryfbehoeftes om huiswerk mee te doen. Ons het nie skryfbehoeftes in die klas nie, dus kan die leerders nie huiswerk doen nie en sal u verplig wees om dit saans te doen. U samewerking in die verband sal opreg waardeer word.

22. WAGHOK:

Die waghok leerders kom na skool by die voorkant van die saal op die sementvierkant bymekaar tot verdere kennisgewing**.**

23. "SNAPIT" SKOOL EN SPORT WINKEL:

U kan nou "Snapit" telefonies kontak.
TYE:

Maandae	07:00 tot 15:00	Dinsdae	10:00 tot 17:00
Woensdae	07:00 tot 15:00	Donderdae	10:00 tot 17:00
Vrydae	07:00 tot 15:00		

1ste en laaste Saterdag van die maand 08:00 tot 10:00.
Skakel die skool by (012) 379-4406/7 en ons skakel u deur.
Kontak persoon: Corné Wiechers - 082 334 0265

_____
MNR. PJ SNYMAN
HOOF